Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: 012 3356806
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

DIE HOËRSKOOL WONDERBOOM

NUUSBRIEF 29/10/2021

JUKSKEI HUISWENNERS

Die huise het gekompeteer en die skeie is gegooi! Baie geluk aan elke Wonnie wat aan die Jukskei Interhuis deelgeneem het. Die uitslae is soos volg:

4de Plek Spartane	3de Plek Samurai	Gesamentlik 1ste Knights	Gesamentlik 1ste Vikings

TOPPRESTEERDERS – KWARTAAL 3

Baie geluk aan die volgende toppresteerders in kwartaal 3:

GRAAD 8

1	CHANIE CORY	96.6
2	DEANÉ VAN ZYL	96.19
3	ESRIE VENTER	94.55
4	RIANY JANSE VAN RENSBURG	93.73
5	ESTELL -TESSA STEENKAMP	92.86
6	MARNUS LEZAR	92.15
7	KAY-LEE FOUCHÉ	91.84
8	HANNAH BRADFIELD	90.29
9	NICOLE KLEE	88.87
10	ANÉ BOTHMA	87.89

GRAAD 9

1	GUILLAUME LUÜS	89.9
2	ELMARI UYS	89.07
3	EDUAN KRITZINGER	88.58
4	CARLIEN NIEMAN	87.97
5	MEANÉ MC DONALD	87.7
6	ZANDI PRETORIUS	87.5
7	HAYLEY VISAGÉ	87.1
8	TANIA OOSTHUIZEN	86.61
9	LIZERI JOUBERT	86.54
10	CARIKE JANSEN	86.24

GRAAD 10

1	ARMAND CILLIERS	95.64
2	ISANÉ BEZUIDENHOUT	94.88
3	MINJONÉ MULLER	93.18
4	CORNÉ JORDAAN	90.61
5	ANICHIA VAN VUUREN	90.43
6	TANIA CURTIS	89.96
7	JOHAN COETZEE	89.08
8	BRITTANY BOUWER	88.87
9	ISABELLA J VAN RENSBURG	88
10	CHANIE ERASMUS	87.67

GRAAD 11

1	TANELI DE BRUIN	93.8
2	ANNEKE DE LANGE	92.4
3	AMONÉ WILKINS	90.1
4	HAZEL MILLS	88.87
5	MONIQUE LANGENHOVEN	88.76
6	JORDAN BOTES	87.1
7	DEAN VAN ZYL	87.1
8	JOLAINE SCHOEMAN	87.08
9	SHENICE COMBRINK	85.47
10	THINUS DU PLESSIS	84.89

GRAAD 8 2022

Een van die dae verwelkom ons die 2022 Graad 8-Wonnies! Daar is egter ouers wat onseker is oor die aanlynproses. Ouers wat by meer as een skool aansoek gedoen het, sal 'n SMS ontvang. Dit beteken dat die Departement van Onderwys 'n aanbod vir plasing by ons skool vir die leerder gemaak het. Die ouer moet die plasing op die departementele stelsel gaan aanvaar.

Ouers gaan dus na www.gdeadmission.gov.za waar hul inskakel ("Lock in") met die aanteken-detail wat hul gebruik het om die leerder te registreer. Hul moet dan die plasing gaan aanvaar ("accept"). Nadat hul dit gedoen het, sal daar langs die skool se naam staan "Placed / Placed as Final". Die totale proses is dan afgehandel en die leerder het 'n plek in Wonnie-land. Hierdie proses moet binne sewe dae nadat die SMS ontvang is, gedoen word.

Indien ouers enige navrae het, kan hul gerus me. Mc Geer kontak by mcgeert@wonnies.co.za.

JAARPUNT RAPPORTE

Leerders ontvang op 29 Oktober hul Jaarpunt-rapporte. Die rapport gee vir u as ouer 'n goeie aanduiding rakende u kind se akademiese prestasie. Let asseblief op na die punte-verdeling vir hul finale punte:

GRAAD 8-9:

Jaarpunt: (Alle formele assesserings deur die jaar) **80%**
Eindtoets: **20%**

Die **SLAAGVEREISTES** vir Graad 8-9 is soos volg:

- Afrikaans Huistaal: vlak 4 - 50%
- Engels EAT: vlak 3 - 40%
- Wiskunde: vlak 3 - 40%
- Nog 3 vakke: vlak 3 - 40%
- Nog 2 vakke: vlak 2 - 30%

GRAAD 10-11:

Jaarpunt: (Alle formele assesserings gedurende die jaar. Die mondelinge punte soos gedoen deur die jaar is hier uitgesluit) **60%**
Eindtoets: (Vakke sonder 'n PAT/Mondeling) **40%**
Eindtoets: (Vakke met 'n PAT) PAT: **20%** + Toets: **20%**
Eindtoets: (Afrikaans en Engels) Mondeling: **12.5%** + Toets: **27.5%**

Die **SLAAGVEREISTES** vir Graad 10-11 is soos volg:

- Afrikaans Huistaal: vlak 3 – 40%
- Nog 2 vakke: vlak 3 – 40%
- Nog 3 vakke: vlak 2 – 30%

ALGEMENE JAARVERGADERING

Die Algemene Jaarvergadering rakende die Begroting het op Donderdag, 28 Oktober, 2021 plaasgevind. Daar was egter nie 'n kworum teenwoordig nie.
VERANDERING VAN OPVOLGVERGADERING: 11 November 2021
Die opvolgvergadering skuif vanaf 4 na 11 November 2021, aangesien 14 dae moet verloop voor die volgende vergadering mag plaasvind.
Tydens dié vergadering sal die bekragtiging van die Begroting plaasvind.

LEERDERS: INENTING

Volgens die onlangse aankondiging deur die *National Department of Health* (NDoH) kan die inenting van kinders tussen 12-17 jaar teen COVID-19 open. In samewerking met Dis-Chem ondersoek die skool die moontlikheid om leerders die geleentheid te bied om by die skool in te ent. Kwalifiserende en deelnemende leerlinge moet egter vooraf op EVDS registreer (https://vaccine.enroll.health.gov.za).
'n Moontlike datum vir dié inenting sal later deurgegee word. Leerders kan egter reeds nou gaan registreer, sowel as die COVID-19 INNEMINGSVORM (verkrygbaar op die bogenoede webtuiste) voltooi.

TEMA VIR 2021: LEEF VOLUIT MET DANKBAARHEID

MNR LEZAR
SKOOLHOOF

ONDERSTEUN GERUS ONS BORGE

MEDICROSS GEZINA SLUIT SY DEURE OP 15 DESEMBER 2021

Die praktyk van
DR RENTIA PIETERSE
skuif na Rhyslaan 651, Les Marais, 0084 in JANUARIE 2022

Vir afsprake skakel: 012 335 2381/2


HELLERLE
DESIGNS
Architectural Services
Building Plans / Concept Drawings /
Building Plans / 3D Renderings
Let us help you
plan the future
CONTACT
072 901 8401
etienne@hellerledesigns.co.za
www.hellerledesigns.co.za